Gebedsversoeke

- Veritas Msinga
- LENTEBASAAR
- Zoetendal Akademie se konsert
- Ons land en sy mense
- Al ons gemeente se aktiwiteite
- ERFENISDAG
- CAR Boot Sale 3 Oktober
- Karaoke in Oktober

Uit die Kerkraad:

DANKIE VIR:

1. 'n Heerlike Tee vir 80 - Plussers soos gereël deur Skulpiesbaai en Seesalig.
2. Die moeite wat gedoen is met die L'Agulhaswyke se blokbyeenkoms.
3. Almal wat die hoenderbraai ondersteun het en dié wat daarby betrokke was. Dis altyd 'n treffer.
4. Herman en Elize Oosthuizen en Daniël wat ons klerereling mooi opgegradeer het.
5. Skenkings van klere, juwele en ander produkte vir ons basaar in September.
6. Hulp ter voorbereiding van kos in ons kombuis, met die oog op die basaar.
7. Skenkings aan Straatwerk en Herbergkinderhuis-Huis C.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

20 September 2026
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai

Spesiale kollekte: Veritas Msinga

Kategese

Vooruitsig op die week

Maandag:

Dinsdag: 11h00 Angs-en Depressiegroep

Woensdag: Skole sluit

Donderdag: Erfenisdag

Vrydag: 07h30 Mannebybelstudie

Saterdag: LENTEBASAAR

DINK & DOEN

Vir ons dames, daar word 'n lekker saamkuier om 'n koppie koffie vir volgende kwartaal beplan. Niks verder vir hierdie kwartaal nie. Die plek en tyd en datum sal nog deurgegee word. As jy wil, kan jy dan iets saambring wat jy gemaak het of 'n goeie wenk met ons deel. Dalk in die lyn van naaldwerk of borduurwerk ook. Net 'n informele leer - mekaar - ken.
Kontak Joanie (072 519 3170)

KARAOKE - 23 Oktober

Boek solank dié datum!

HELP

Lidmate wat nutsmanwerk kan doen en bereid is om te help, kontak die Kerkkantoor.
Ons benodig ook 'n paar lidmate wat kan help met die vou van die bulletin op 'n Vrydagoggend. Kontak die Kerkkantoor.

Verjaardae

Susan	Kotzé	09/20
Lorraine	Nieuwoudt	09/20
Hendrik	Coetzer	09/21
Wiani	van Wyk	09/21
Helise	Beukes	09/22
Marietjie	Hansen	09/22
Antonie	Venter	09/22
Arno	Vosloo	09/22
Niel	Bester	09/23
Dawid	Grebe	09/23
Sandra	Senekal	09/23
Rossouw	Venter	09/23
Ellen	Green	09/24
Jacobus	Louwrens	09/24
Elna	Zeelie	09/24
Marthi	Harmse	09/25
Philip	Liebenberg	09/25
Rika	Carstens	09/26
Philip	du Toit	09/26
Rina	Eckley	09/26
Tol	le Roux	09/26

ERFENISDAG - 24 SEPTEMBER

Dit gaan oor die trots van waar jy vandaan kom, die respek van waar jou bure vandaan kom en die viering van ons gedeelde Suid - Afrikaanse identiteit. Dit behels alles wie ons is: ons gebruike, geskiedenis, tale, tradisies, kuns, gelowe, kos en selfs ons natuurlike omgewing.

LENTEBASAAR - 26 September

Trek solank die lappe nader en begin iets moois te skep vir ons ALLERLEITAFEL.

Pak kaste reg en stuur vir ons enigiets vir die WITOLIFANTTAFEL.

Moenie die BOEKE en goeie tweedekansklere vergeet nie! Skoene, juwele en bykomstighede is ook welkom vir ons OPWIPWINKEL - STALLETJIE in die konsistorie. Dankie by voorbaat. Alles kan by die Kerkkantoor afgegee word (Di. - Do, van 08h00 tot 12h00).

Kry solank resepte uit vir lekker koek, terte, beskuit en ander eetgoed en onthou die poedings!

GEBAKTAFEL

Skenk asseblief produkte vir die gebaktafel: grootkoeke, soet- en soutterte, beskuit, Hertzoggies, kolwyntjies, want wat is 'n Kerkbasaar tog sonder heerlike tuisgebak? Kontak: Madie Haynes@ 082 293 2336

BRING DIE BLIKKIES

GROOT asseblief. ALLE blikkies, van koeldrank, bier, koffie tot baked beans...Gee dit asseblief by die Kerk af, gemerk ANNAMARIE JUDD /MARIETJIE BRUWER. Die inkomste daaruit gaan vir 'n baie spesiale doel. Ons sê DANKIE.

Kontakbesonderhede

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756
Facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Webblad: suidpuntngkerk.co.za
Bankbesonderhede:
NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing, bv. Dankoffer

MobiPay